NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulp-eksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van leerders se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2016

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

**EEN VRAAG** oor elk van die twee voorgeskrewe dramatekste.
Beantwoord Vraag 1 (oor ***Die Keiser*** – Bartho Smit) of Vraag 2 (***Kanna hy kô hystoe*** – Adam Small).

Mini-essay – **betogend**. Ondersteun stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordtal** (ongeveer 400 woorde) onder essay aan.

'n **Nasienrubriek** vir assessering.

### VRAAG 1 *DIE KEISER* (Bartho Smit)

*WEWER:* *En jy was so seker hy sou liewer vrek voor hy kaal loop ...*

*HOFNAR:* *As my Kroon nou daar tussen sy volk instap ... en hy's kaal, net so kaal soos sy volk ... Gee jy vir my 'n beter resep vir 'n Heilige Keiser.*

[Smit, Bartho. 1997. *Die Keiser*. Perskor, Johannesburg, bl. 66 en 67]

**Betoog** in 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde dat ***Die Kaal Keiser*** 'n meer **gepaste titel** vir hierdie drama sou gewees het.

Dit is uiters belangrik dat beide die **letterlike** en **figuurlike** betekenis van **"kaal"** in ag geneem word in jou betoog.

Jou **slot** moet duidelik uitwys na Hofnar se opmerking hierbo waar "kaal" 'n positiewe boodskap uitdra.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou mini-essay aanpak.

### RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 1

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**
- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding (let wel, dit is 'n betogende opstel wat slegs die nuwe titel dryf as die enigste moontlikheid):**
- Begin deur na die dramateks te verwys – ... die drama ***Die Keiser*** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur Bartho Smit.
- Formuleer onderwerp.
- Vooruitwysing hoe mini-essay aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidate moet aanduiding gee van dit wat hulle deurgaans in die essay gaan betoog (goue draadjie deur die hele opstel).
- ***Die inleiding moet dit duidelik stel dat die gewysigde titel betoog gaan word as mees gepas. Die tema van "kaal" in al sy vorme in die drama gaan dus aandag ontvang sodat die titel, Die Kaal Keiser, as meer gepas uitstyg.***

**Paragrawe:**

- Verskillende hoofargumente word hier betoog wat die onderwerp gaan ondersteun (in elke paragraaf gaan 'n hoofargument behandel word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit drama; betoog van kandidaat moet deurgaans gesien word).

**Die keiser blind vir die waarheid**

- Keiser word deur die bedrog van sy kabinet blind gehou vir die waarheid van die "kaal" toestand van sy volk.
- Hy vertrou die beskawingsprogram volledig aan sy ministers toe.
- Hy maak nooit seker van wat hulle beweer hulle doen, wel die waarheid is nie.
- Die nar is die enigste persoon wat die naakte waarheid sien en probeer om die Keiser daarvan oortuig.
- Wanneer die twee bedrieërs egter opdaag met hul bedrog en voorgee dat hulle die Keiser se towerklere weef (wat net die eerlikes en betroubares kan sien), begin die spel tussen illusie en werklikheid, tussen fisies "kaal" en die "kale" waarheid in alle erns.

**"Kaal" Keiser besef geleidelik (onder Hofnar se invloed) hy word om die bos gelei**

- Aanvanklik is die Keiser self "kaal" aan etiese optrede.
- Onder invloed van die Hofnar begin hy geleidelik besef dat hy al die jare om die bos gelei is deur sy kabinet.
- Hy vermoed dat sy volk werklik kaal is – sonder klere en verarmd.
- Hy besef dat hy verantwoordelik is weens sy onvermoë om die bedrog van sy kabinet raak te sien.
- Nou moet hy die spel enduit speel en maak asof hy die "kaal" weefstoel vol gouddraad kan sien – dit is al hoe hy sy aansien kan behou.
- Hy weet dat sy kaalheid, sy gebrek aan goeie regering, verantwoordelik is vir die situasie.
- Sy gebrek aan insig en optrede maak hom "kaal" in die oë van sy volk en laat die veld oop vir die wewers (rebelle) om 'n staatsgreep uit te voer.

**Die universele leuen verberg die naakte waarheid**

- Die universele leuen, waarby almal moet inkoop, verberg die naakte waarheid.
- Deur spot vlek die nar die Keiser se oë en ore telkens oop met die waarheid.
- Hy vertel telkens "kaalkop die waarheid".
- Hy is letterlik en figuurlik 'n "kaal keiser".
- Die nar wat die waarheid vertel, beland in die tronk.
- Die Keiser word gedwing om fisies "kaal" voor sy volk te verskyn.
- Sy nar se waarskuwing: "die waarheid is maar altyd kaal, my Kroon", glo hy nou, maar kan niks doen om die situasie te beredder nie.

**Die Keiser kom agter die waarheid van die bedrog**

- Eers wanneer die wewers hul ware kleure wys as die rebelleleier en sy trawante en die minister se koppe op swaarde ingebring word, begin die keiser werklik agter die waarheid van die bedrog kom.
- Hy is fisies kaal, moet aan die optog as keiser gaan deelneem en uiteindelik is hy gestroop van alle pretensie en kyk die "kale waarheid" in die oog.
- Die Keiser moes eers self "kaal" word – soos sy onderdane – en ook geestelik "kaal staan" voor die waarheid en gestroop word van alle leuens en uiterlike vertoon, voordat hy waarlik keiser kon wees – die keiser vir wie sy volk in die optog kan toejuig en verheerlik.

IEB Copyright © 2016

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word – kom tot eindbetoog – **VERWYS NA HOFNAR SE OPMERKING – "KAAL" – MOET POSITIEWE BOODSKAP UITDRA**.
- Op grond van hoofargumentbespreking kom tot finale gevolgtrekking oor dit wat kandidaat betoog het in die vraag.

**Bv.**

- So kom die Keiser tot insig, word hy gekonfronteer met die kale waarheid as hy een word met sy volk en uiteindelik is die "kaal keiser" nie net fisies kaal soos sy volk nie, maar ook gestroop van alle waan, hoogmoed en eiebelang.
- Soos in die sprokie word die kaal waarheid deur 'n onskuldige kind verkondig en dwing die keiser en sy volk om voortaan slegs die naakte waarheid as leuse te aanvaar.
- Die nar en 'n jong kind laat die naakte waarheid seëvier in Ekwator.
- **Die Kaal Keiser** is inderdaad die perfekte titel vir hierdie drama.
- Dit is die gouddraad op die weefstoel en die "klere" waardeur mens en troon verenig word: "Voorwaar 'n Heilige Keiser ..."

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

**OF**

**VRAAG 2** ***KANNA HY KÔ HYSTOE*** (Adam Small)

*KANNA: Ek ... Ek kry môre se vliegtuig huis toe ...*

*JIENA: O, Kanna gaan hystoe, alweer more ...*

[Small, Adam. 1999. *kanna hy kô hystoe – 'n drama.* Tafelberg. Kaapstad, bl. 70]

Betoog in 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde **of** die titel van hierdie drama **meer relevant** en gepas sou wees met 'n **vraagteken –** ***Kanna hy kô hystoe?***

Neem in ag die **hoop** wat Kanna se gesin (en ook die gemeenskap) jare lank gehad het dat Kanna sou terugkom om hul lot te verbeter en hoe dit hulle **beïnvloed het omdat hierdie terugkoms nie gerealiseer het nie**.

Jou **slot** moet duidelik verwys na die skuld wat Kanna moet dra vir die ellende en pyn wat sy naasbestaandes moes verduur.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voordat jy jou mini-essay aanpak.

IEB Copyright © 2016 

## RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 2

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**

- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord (opsioneel, maar 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

- Begin deur na die dramateks te verwys – ... die drama ***Kanna hy kô hystoe*** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur Adam Small.
- Formuleer onderwerp.
- Vooruitwysing hoe mini-essay aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidate moet aanduiding gee van dit wat hulle deurgaans in die essay gaan betoog (goue draadjie deur die hele opstel) – VERWYS DUS NA DIE TWEE TITELS.

**Paragrawe:**

- Verskillende hoofargumente word hier betoog wat die onderwerp gaan ondersteun (elke paragraaf gaan in 'n hoofargument behandel word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit drama; betoog van kandidaat moet deurgaans gesien word).

**Kanna se omstandighede maak sy vertrek moontlik**

- Kanna het uitgestyg bo sy omstandighede.
- Hy was slim en as jong aangenome seun van Makiet kry hy die kans vir verdere onderrig in Kaapstad.
- Hy verkry dus die vermoë om sy mense na 'n beter lewe te lei.
- Die titel sonder vraagteken stel die verwagting, 'n feit – Kanna **gaan** terugkom.

**Groot dinge word van Kanna verwag**

- Later kry hy ook die kans om hom oorsee as 'n ingenieur te bekwaam en steeds glo sy mense dat hy eendag gaan terugkeer as hul Moses, hul redder.
- Kanna gaan dus 'n besonderse mens word wat sy mense "by die hys" se omstandighede sal verander sodra hy van oorsee of terugkeer.
- By sy mense bestaan geen twyfel dat hy wel op die regte tyd huis toe sal kom om alles te verander nie.
- Vir hulle is die titel sonder vraagteken 'n voldonge feit wat net wag op die gepaste tyd.
- Jare gaan verby en steeds bly Kanna weg.
- Met sy familie gaan dit net meer beroerd.

**Innerlike wroeging van Kanna**

- In Kanna is die stryd tussen sy liefde vir en sy plig teenoor sy mense wat alles opgeoffer het om aan hom 'n beter lewe te gee, veral teenoor sy aanneem-ma, die enigste ma wat hy ooit geken het, en sy nuwe bestaan oorsee as 'n belangrike ingenieur.
- Uit die telefoniese gesprekke met sy gesin oor die jare is hy wel deeglik bewus van hulle ellende, maar soos hulle uitsterf en hy daarvan hoor "kom hy nooit hystoe" nie.
- Inderdaad sterf elkeen: Kietie, Dickie en uiteindelik ook Makiet – juis omdat hy nie gehoor gee aan hul noodkrete nie.
- Die stelling "Kanna hy kô hystoe", bly slegs 'n onvervulde droom en ideaal, 'n verwagting.
- Hy weet van alles wat tuis gebeur, kom nooit terug vir 'n begrafnis nie, tot Makiet sterf.
- Eers met Makiet se begrafnis, *kom hy huis toe* MAAR nie om te bly nie, soos die mense van die gemeenskap verwag, slegs vir die begrafnis.
- Weereens is almal se hoop verydel.
- Hy kom "hystoe" vir een dag, betoon sy respek, nie liefde nie, en gaan dan terug na sy veilige wêreld.

IEB Copyright © 2016 

**Hoop vir Kanna se terugkeer en die uitdrukking daarvan op die verhoog**
- Karakters praat die hele tyd oor afstande, jare, drome en die dood heen.
- Reeds aan begin: "Hulle het vir Kanna gewag; deur die jare gewag dat hy moet huis toe kom".
- Kanna bly kern van drama – hy onthou alles, hy roep die karakters op; hy beleef die verlede. In die drama is Kanna die verteller en rig die gebeure op die verhoog.
- Dit maak juis die skokkende eindstelling dat hy nie gaan bly nie, geen Moses vir sy volk gaan wees nie soveel meer dramaties. Gaan hy dan ooit huis toe kom?
- Hierdie word 'n retoriese vraag wat gaandeweg bloot vraag bly. Nie eens meer 'n werklike vraag nie, maar 'n stelling: Nee, hy gaan nie. Dit besef die gehoor.
- Hy verkies om met 'n skuldbewussyn, 'n worsteling wat die tweespalt tussen liefde vir sy mense en die veilige afstandelikheid van 'n lewe in die buiteland ervaar, voort te leef.

**Verhoogspel benadruk nieterugkeer na sy mense**
- In hierdie "droomwêreld" tree Kanna op as aanklaer én aangeklaagde.
- As projeksies van sy gewete (en die vertelstyl van die drama) – Makiet, Jakop, Kietie, Diekie, Roeslyn-hulle, bly Kanna bewus van die skreiende omstandighede van sy mense wat hy versaak het.
- Sy gewete hou hom direk en indirek verantwoordelik vir hul armsalige lot.
- Hy kry dit egter nie reg om uiteindelik "hystoe" te kom en sy reddende plig uit te voer nie. En oor die stelling "kanna, hy kô hystoe" word die vraagteken bloot 'n gegewe.

**Kanna kom huis toe vir Makiet se begrafnis en gehaal op die lughawe**
- Interaksie tussen Kanna en Ysie en Jiena – die woorde, gebare en gesiguitdrukking wys op vervreemding tussen hom en sy mense, maar ook op die blydskap dat hy uiteindelik tuis is, al het sy hele gesin reeds afgesterf.
- Op sy antwoord dat hy weer die volgende dag terugvlieg huis toe, volg 'n vreeslike stilte. Ongelowig kyk hulle hom aan. Het hulle redder dan nie nou na al die jare gekom nie? Jiena se woorde word dié van die gemeenskap.
- Hierdie woorde plaas onmiddellik die drama in sy geheel in 'n ironiese lig: "Kanna hy kô nie hystoe nie". Hy gaan "hystoe", na sy veilige bestaan. En hierdie stelling plaas die vraagteken oor alles wat Kanna geword het en daardeur sy mense versaak het.
- Hy gaan kyk na die lyk van Makiet – haar positiewe visioen staan ironies afgeteken teen die realiteit en finaliteit van die dood.
- Hy besef hiermee die blinde geloof wat sy (en sy mense) gehad het dat hy huis toe sou kom om vir hulle te red soos Moses.
- Kanna se terugkoms vir Makiet se begrafnis, word eintlik 'n finale afskeid – hy was te laat.
- Hy was oënskynlik die een persoon wat toegerus was om sy mense te kom "red", maar hy versaak sy plig.

**Slot:**
- Hoofpunte moet saamgevat word – kom tot eindbetoog.
- VERWYS NA DIE SKULD WAT KANNA MOET DRA VIR DIE ELLENDE EN PYN WAT SY NAASBESTAANDES MOES VERDUUR.
- Op grond van hoofargumentbespreking, kom tot finale gevolgtrekking oor dit wat kandidaat betoog het in die vraag.

**Bv.**

- Kanna se gewetenstryd as konflik tussen "hystoe" en "huis toe" word uiteindelik uitgewys.
- (Dit gaan nie oor Makiet, Kietie en Diekie nie (of oor die ander nie) – dit gaan oor Kanna wat, ook letterlik, die hele tyd op die agtergrond verkeer het en in hom woed die stryd om te ry of te bly. Sy teenwoordigheid op die verhoog as verteller beteken dat hy ten volle bewus is van die gebeure van die verlede.)
- Kanna het vir 'n oomblik "tuisgekom", maar anders as wat die titel voorstel, kom hy nie huis toe om sy plig teenoor sy familie en die gemeenskap na te kom nie. Bloot enkele ure vir die begrafnis van sy "ma".
- Die vraagteken in die titel stel hierdie droom as 'n ironies-spottende feit: Kanna hy kô NIE huis toe nie. DIT gee aan hierdie drama die eintlike bitter tema van waaroor dit handel.

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

**PROSA**

TWEE vrae oor twee verskillende prosatekste.
Beantwoord Vraag 3 OF 4 (***Wildvreemd*** **–** Carina Stander) of Vraag 5 OF 6 (***Bart Nel*** **–** J. Van Melle).

Literêre opstel **– beredenerend**. Ondersteun stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks.

**Woordtal** (ongeveer 600 woorde) onder literêre opstel.
**Nasienrubriek** vir die assessering van literêre opstel.

Beantwoord Vraag 3 OF Vraag 4 wat oor die roman ***Wildvreemd*** gestel is.

**VRAAG 3** ***WILDVREEMD*** (Carina Stander)

"*Is die **droom** 'n besoeker wat **beloof** dat daar 'n **einde aan dié stilte** sal kom?*"

"*Stilte is 'n oergeluid. Maar binne-in stilte was daar van altyd af 'n **belofte** van **musiek**, die fluistering van wind, die **stemme** van diere en die mens.*"

[Stander, Carina. 2011. ***Wildvreemd.*** Tafelberg. Kaapstad, bl. 9 & 223]

Deur 'n traumatiese ervaring word die hoofkarakter stom, maar in die stilte van haar stomheid hoor die Byeboer die taal van die diere, die bye en die natuur en sy weet êrens vorentoe wag heling.

Beredeneer in 'n **literêre opstel** van ongeveer 600 woorde hoe die Byeboer **in haar stilte** meer sensitief vir die stemloses word sodat sy **uiteindelik, deur vir hulle te veg,** ook die musiek in haar eie lewe hoor en beleef.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.

**RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 3**

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**
- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord (opsioneel; maar 'n aanbeveling).

**Inleiding:**
- Begin deur na die romanteks te verwys – ... die roman ***Wildvreemd*** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur Carina Stander.
- Formuleer onderwerp.
- Vooruitwysing hoe opstel aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidate moet aanduiding gee van dit wat hulle deurgaans in die opstel gaan beredeneer (goue draadjie deur die hele opstel).

**Byeboer pas nie by inwoners**
- Hoofkarakter beskryf haar vroeg na traumatiese gebeurtenis en haar verblyf in Ruig – "Vir hulle is ek die alleendier, die eenkant een, die sondebok. Die woordstom vrou wat slaap tussen die donker skaduwees".

**Paragrawe:**
- Verskillende hoofargumente word hier beredeneer wat die onderwerp gaan ondersteun (in elke paragraaf gaan 'n hoofargument beredeneer word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit roman; beredenering van kandidaat moet deurgaans gesien word).

**Haar naam en optrede in die Ruig**
- Sy word genoem: Byeboer – dit is presies wat sy gedoen het – niemand weet hoekom sy dit doen nie; niemand weet hoekom sy alleen in die Ruig bly nie.
- Niemand weet hoekom sy woordloos is nie – dit maak haar 'n buitestaander/verstotene by die gemeenskap.
- Sy besef dat sy nie daar inpas nie.

**Sy word een met die Bos en omgewing**
- Sy verstaan diere en voëls en kommunikeer in hul taal, geluide.
- Hulle word haar gemeenskap, hierdie magteloses, stemloses.
- Ook haar sintuie verskerp soos die boswesens om te kan oorleef.
- Sy raak bewus van die wildstropers wat op die wreedste wyse diere skiet en in slagysters en strikke vang.
- Dit word haar missie om hulle te beveg, diere te bevry en slagysters onskadelik te stel.
- Syself verkeer dus voortdurend in lewensgevaar.
- Sy word soos die natuur en beveg die mens wat die natuur in gevaar stel.
- Sy pleeg "moord" deur 'n seun wat 'n haas doodgeskop het en van haar heuningkoeke probeer steel het, te laat verdrink in die rivier.

**Stilte is haar leefwyse en haar wêreld**
- Die Byeboer bly vreemd vanuit die perspektief van die mense van die omgewing.
- Haar stomheid en voorkoms hou haar vreemd.
- Sy verken die omgewing soos 'n dier.
- Sy ontwikkel 'n innerlike sintuig waarmee sy die omgewing opsom en so vooruit kan sien.
- Sy vind vir Groentjie na die brand en versorg hom.

IEB Copyright © 2016 

- Ook hy het haar beskerming nodig soos die boswesens.
- Dan begin haar helingsproses geaktiveer deur hierdie klein onskuldige wesentjie.
- Sy kan begin terugdink oor haar verlede.
- Sy bly egter woordstom.
- Sy kommunikeer met Groentjie in die taal van voëls en diere, deur geluide en musiek – en hy verstaan haar (soos Braam haar ook verstaan) – sy leer hom die taal van musiek.
- In haar kommunikasie met Groentjie (hy het die taal van die diere spontaan aangeleer) wonder sy telkens of daar 'n einde aan haar stomheid gaan kom.
- Groentjie word na vyf maande van haar af weggeneem.

**Sy kry weer lewenskrag**
- Sy besef dat sy deur Groentjie die punt bereik het waar sy die selfveragting, die verkragting kan verwerk en weer lewenskrag kan ervaar.
- Sy besef sy het haarself, onvoorwaardelik, aan Groentjie gegee – al wat sy hom kon bied.
- So beleef sy geestelike verdieping, rustigheid.
- Sy besef dat "stilte 'n oergeluid is" – dit kom van ver en is deel van die menslike roeping.
- Sy besef dat sy weer musiek van groei en rypwording sal kan ervaar.
- Sy voel weer mens, en gee nie om dat ander mense – skynheiliges – haar verwerp nie.
- Haar mense is die boswesens en hulle aanvaar haar onvoorwaardelik.
- In haarself word sy sterker en kan haar eie traumatiese verlede begin verwoord en konfronteer.

**Besef wat is haar taak**
- Sy weet nou haar taak is om die stemloses, die weerloses van die bos, die natuurlewe te voed en te beskerm teen uitwissing.
- Haar taak is om die stropers te fnuik en te laat vang, ten alle koste.
- Sy vergader bewyse teen hulle in.
- Uiteindelik verander ook haar sterkste teenstanders hul houding teenoor haar en die gemeenskap beleef 'n ommekeer in gesindheid.
- Hulle weet nou wie sy is, waar sy vandaan kom, en dat sy voortaan as een van die gemeenskap mag bestaan.
- Sowat 'n jaar na Brenda se dood trou sy met Braam en sy begin weer praat.
- Nou weet sy dat sy volkome heel is.
- Sy is nie langer naamloos nie, sy is Angelina, vrou, mens.

**Slot:**
- Hoofpunte moet kortliks saamgevat word – hoe sy verenig word met omgewing en veg vir die stemlose; hoe sy vergewe en weer liefkry omdat sy met Groentjie die omgewing kon deel; en dan uiteindelik heel word en weer volkome mens word en kan praat.
- Op grond van hoofargumentbespreking, kom tot finale gevolgtrekking oor wat beredeneer is in die vraag.
  Slotsin dalk iets soos: daardie belofte van musiek, heelwording en die droom is verwerklik.

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

**OF**

**VRAAG 4** ***WILDVREEMD*** (Carina Stander)

*Maraai sê:* "*Wie ken nie die Vrekbek nie? Besig met 'n lollery wat mens die bewerasies gee.*"

*Brenda sê:* "*As Skarlakenvrou enigsins 'n hart gehad het, sou sy hom met daai ongeskikte boude probeer weglok het van die vrou wat sy kinders met elke kriesel liefde gebaar en grootgesien het?*"

[Stander, Carina. 2011. ***Wildvreemd.*** Tafelberg. Kaapstad, bl. 89 & 111]

Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde **hoe** die twee **belangrike vertellers** (**Maraai en Brenda**) wat ook **verwerping** in hulle lewe ervaar het, **genadeloos** teenoor die **Byeboer optree** en hulle **eie seer** op haar teenwoordigheid en optrede **projekteer**.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.

**RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 4**

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**
- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord

**Inleiding:**
- Begin deur na die romanteks te verwys – ... die roman ***Wildvreemd*** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur Carina Stander.
- Formuleer onderwerp
- Vooruitwysing hoe opstel aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidate moet aanduiding gee van dit wat hulle deurgaans in die opstel gaan beredeneer (goue draadjie deur die hele opstel).

**Paragrawe:**
- Verskillende hoofargumente word hier beredeneer wat die onderwerp gaan ondersteun (elke paragraaf gaan in 'n hoofargument beredeneer word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit roman; beredenering van kandidaat moet deurgaans gesien word).

IEB Copyright © 2016 

**Brenda se onsekerheid oor haar en Braam se verhouding, asook haar eie swak selfbeeld (*hierdie deel moet in logiese paragrawe aangebied word)***

- Brenda weet dat Braam vir die Byeboer help om op die mark te kom met haar heuning en daarin lees sy 'n ontluikende verhouding.
- Sy is 'n kwaadstoker – versprei stories oor die Byeboer en sorg dat ander dit ook doen sedert die gebeure in die kerk.
- Sy het 'n swak selfbeeld; dink sy is oorgewig; om haar ego te streel het sy in 'n fisiese verhouding met Karools betrokke geraak en deur die Byeboer te beskinder, probeer sy haarself verhef.
- Sy voel dat Braam die reg het om haar te verneuk – dat dit haar verdiende loon is.
- Sy neem die Byeboer (maar ook vir Ida en vir Ebro – hulle het die vryery in die spens gadegeslaan) kwalik vir die verswakte verhouding tussen haar en Braam.
- Sy is oortuig dat die Bosvrou die brand in die Ruig gestig het en versprei die leuens, al het sy geen bewyse nie.
- Sy gaan selfs so ver dat sy die Byeboer daarvan beskuldig dat sy rondflerrie met mans en dat sy nie regtig stom is nie; ook dat sy kinders ontvoer en dood/seer maak.
- Sy vermoed dat Braam snags by die Byeboer gaan kuier (gehoor hoe mense die ligte sien) – Zack stel egter die saak in perspektief: nie Braam nie, maar Zack self.
- Wanneer Groentjie teruggevind word, kom die waarheid uit – Mampoer het die vuur gestig – sy besef dat sy die Byeboer erg te na gekom het en dat Byeboer vir Groentjie van 'n gewisse dood gered het.
- Sy bely alles teenoor Braam – hulle raak versoen.
- Sy neem 'n mandjie eetgoed (ook bos rooi ranonkels) vir die Byeboer om haar om vergifnis te vra.
- Op pad soontoe word sy deur 'n hondsdol hiënawyfie verskeur – die natuur neem wraak.

**Maraai *(kan verskillende paragrawe wees)***

- Maraai het geglo dat die Byeboer die ma van Groentjie is (Pampoen die pa).
- Sy het soos die ander geglo dat die Byeboer 'n flerrie en 'n heks is wat toor.
- Sy noem haar Onmens, Vrekbek en Mensdier. Deur háár te verneder voel sy self beter.
- Haar eie lyding (Mampoer) en seerkry projekteer sy op die Byeboer.
- Maraai het ook (soos die Byeboer) 'n voorgevoel oor dinge gehad.
- Later het sy geglo dat Mampoer self die brand gestig het (in sy dronkenskap) en so self omgekom het, soos die res van die gemeenskap eers geglo het die Byeboer het die brand gestig en Groentjie ontvoer.
- Die dood van Mampoer is vir haar 'n verlossing – hierdie wrede dronkaard is lankal nie meer die flinke jongman met wie sy getrou het nie.
- Groentjie word gekry; sy besef wat die Byeboer vir Groentjie beteken het en dat die Byeboer vir Groentjie gered het.
- Sy besef haar teenstand teen die Byeboer was ongegrond en dat sy uiters onregverdig opgetree het – sy voel skaam en skuldig.
- Maraai beskuldig vir Brenda van onetiese optrede teenoor die Bosvrou. terwyl sy self skuldig daaraan is.
- Sy is dankbaar teenoor die Byeboer wat goed na Groentjie gekyk het;
- Sy besef dat sy verkeerd opgetree het teenoor die Byeboer – sy word die wyse ou vrou (soos in mitiese verhale).

**Die twee karakters beïnvloed ook ander karakters**

- Praat sleg by ander mense.
- Gee voorbeelde: Ingrid; Ebro; Zack van Aarde, Braam.
- Maak eie gevolgtrekkings – moord – hulle voel onveilig in hulle omgewing.
- Hulle moet eers verlies ervaar voor hulle tot insig kom.

IEB Copyright © 2016 

**Slot:**
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond van hoofargumentbespreking kom tot finale gevolgtrekking oor dit wat kandidaat beredeneer het in die vraag.

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

**OF**

Beantwoord Vraag 5 OF Vraag 6 wat oor die roman ***Bart Nel*** gestel is.

**VRAAG 5** ***BART NEL*** (J van Melle)

"*Hulle het nou alles,*" *sê hy half uitdagend,* "*hulle het my grond, my vrou, my kinders. Maar my het hulle nie.*"

[Van Melle, J. 1988. ***Bart Nel.*** JL van Schaik. Pretoria, bl. 180]

Uit 'n kritiese, pynlike ervaring het 'n meer selfstandige, selfs uitdagende Bart te voorskyn gekom ... alleen en eensaam, maar met 'n aanvaarding van wie Bart Nel geword het en is.

Beredeneer in 'n **literêre opstel** van ongeveer 600 woorde watter belangrike **gebeure** dié **groeiproses** by Bart teweeggebring het tot hy aan die **einde** kon sê dat hy nog steeds Bart Nel is wat die toekoms alleen kan en sal tegemoetgaan.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.

**RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 5**

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**
- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord (opsioneel, maar 'n aanbeveling)

**Inleiding:**
- Begin deur na die romanteks te verwys – ... die roman **Bart Nel** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur J van Melle.
- Formuleer onderwerp.
- Vooruitwysing hoe opstel aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidaat moet aanduiding gee van dit wat hy/sy deurgaans in die opstel gaan beredeneer (goue draadjie deur die hele opstel).

**Paragrawe:**

- Verskillende hoofargumente word hier beredeneer wat die onderwerp gaan ondersteun (in elke paragraaf gaan 'n hoofargument beredeneer word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit roman; beredenering van kandidaat moet deurgaans sigbaar word).

**Bart as persoon met beginsels**

- Bart is 'n gesinsman en hy is 'n boer wat alles in die stryd werp om suksesvol te wees (as man, as pa en as boer).
- As Afrikaner moet sy regering (Botha) die mense (boere) ondersteun.
- Wanneer hy hoor die regering kies die kant van Engeland teen Duitsland, is dit 'n hewige skok (dit is vir hom so erg dat hy genl. Botha se portret aan hulle huiswerker gee) – sy trots en sy beginsels kan hy nie versaak nie.
- Hy tree toe tot die stryd om die regering as 'n rebel teen te gaan.
- Hier is Bart 'n jong boer met baie ambisie; hy is koppig en weier om enigsins na enige ander sienswyse as dit wat hy huldig, te luister.

**Verdeeldheid begin**

- Fransina, sy vrou, het net soveel waardes en beginsels as haar man, maar sy glo dit is nie reg en eerbaar om teen jou regering te draai nie.
- Sy meen hy tree dislojaal op en versaak sy leiers (sy glo dat die regering die beste vir die land sal doen).
- Bart skaar hom by die rebelle – luister glad nie na haar nie.
- Vir Bart is sy opstand 'n saak van eer, as Bart Nel kan hy nie anders nie.
- Wanneer hy besef Fransina ondersteun hom nie, besluit hy om die paadjie "alleen" te loop.

**Fransina se houding**

- Wanneer Bart vir Fransina sê dat hy gaan rebelleer, sê sy dat sy die plaas gaan verlaat.
- Sy neem hom erg kwalik dat hy sy ideaal bo die geluk van sy gesin stel.
- Fransina voel dat 'n man by sy familie moet staan – dit is waar sy plek is.
- Fransina is net so hardkoppig en sê aan Bart (met sy vertrek): "Dit vergeef ek jou nooit, Bart."

**Bart glo in sy saak**

- Bart glo in sy saak – hy tree selfs onverantwoordelik op deur klere en kos vir sy manskappe te koop en skuldbriewe te teken.
- Hy volg sy kop – dit wat hy besluit, daarby bly hy – hy wil by Jopie Fourie aansluit; van sy manne breek weg na genl. Myburgh.
- In hierdie stryd is Bart nie werklik deel van die manskappe nie – hy hou hom eenkant, somber, nadenkend, maar ook regdenkend. Hy sal niks onverantwoordeliks doen wat sy manne se lewens in gevaar kan stel nie. Die heethoofde in sy groep betig hy.
- Wanneer die rebellie nie suksesvol is nie, is Bart bereid om al die blaam op hom te neem, sodat sy manne kan huis toe gaan.
- Hy gaan tronk toe as offisier in bevel. Fransina en sy kinders is steeds alleen op die plaas en sukkel om kop bo water te hou. Verder begin Fransina ook die skuldbriewe ontvang waarvoor Bart geteken het. Sy word moedeloos en verbitterd.
- Tog bly hy hardkoppig – in die tronk begin hy besef watter waarde die Bybel het – hy bly eensaam.
- Hy begin egter stadig maar seker groter insig kry in homself, sy situasie en sy gesin/ vrou.
- Tog nog hardkoppig en is nie bereid om van sy kant af vir Fransina en sy geluk te veg nie, en hy beskou enige toegewing as swakheid. Valse trots?

**Bart verloor sy plaas en vrou**

- Wanneer Fransina hom per brief vra of dit nie beter is as hulle skei nie, is sy ego so gekrenk, sy verbittering jeens haar so sterk dat hy instem.
- Hy verloor sy plaas vir geld en skuld.
- Hy verloor sy vrou deur gebrek aan liefde en ondersteuning. Bart was nooit iemand wat met sy hart op sy mou geloop het nie. Getrouheid by hom is ononderhandelbaar. Trou aan jou land. Trou aan jou huweliksmaat. Ontrou is 'n euwel en kan nie vergewe word nie.
- Toe hy uit die tronk kom, was Annekie darem daar – getrou aan hom en sy ideale. Deur diepe introspeksie besef hy dat hy alles gaan verloor en dat hy homself moet beskerm teen selfverloëning.
- Die groeiproses in homself word draaglik en versterk deurdat hy nog vir Annekie het.
- Sy rotsvaste beginsels laat nie toe dat hy vir Fransina terugneem nie, al is hy nog lief vir haar. So iets beskou hy as "dubbele hoereerdery" en verkies eerder die eensame pad alleen die toekoms binne. Hy en Annekie op 'n huurplaas en 'n nuwe begin.
- Dan moet hy afstand doen van Annekie, die uiteindelike beproewing.
- Sy wil nie weggaan nie, maar hy weet dit is belangrik vir haar toekoms en weer moet hy opoffer ter wille van ander.
- So bly hy stoksielalleen agter – eensaam en alleen, maar steeds uitdagend en trots.
- Gestroop van alles behalwe sy trots en sy geloof in homself om die toekoms aan te vat met "sy siel in hom" – kyk hy uit oor die veld na 'n toekoms wat wink.

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word, met 'n sterk slotstelling wat die slotsom saamvat.
- Die finale gevolgtrekking volgens die kandidaat se beredenering moet die argument sterk saamvat. 'n Finale, sterk aanhaling sal die opstel sterk.

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

**OF**

**VRAAG 6** ***BART NEL*** (J van Melle)

*Basson sê: "... ek het nie gerebelleer nie, ek het maar doodstil by die huis gesit ... ek is te lafhartig ..."*

*Bart sê: "Kaal het ek op die wêreld gekom en kaal sal ek daaruit gaan."*

[Van Melle, J. 1988. ***Bart Nel.*** JL van Schaik. Pretoria, bl. 99 & 180]

Beredeneer in 'n **literêre opstel** van ongeveer 600 woorde **wie van dié twee manne (of dalk albei)** wat 'n belangrike rol in **Fransina** se lewe speel, uiteindelik – ten spyte van die **leemtes** in elkeen se persoonlikheid – as heel **karakter uit die stryd** tree.

Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n beplanning/breinkaart doen voor jy jou literêre opstel aanpak.

## RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 6

***LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.***

**Titel:**
- Gee eie gepaste titel wat vraag verwoord (opsioneel, maar 'n aanbeveling).

**Inleiding:**
- Begin deur na die romanteks te verwys – ... die roman ***Bart Nel*** (kandidaat sal onderstreep omdat dit 'n geskrewe teks is) deur J van Melle.
- Formuleer onderwerp.
- Vooruitwysing hoe opstel aangepak gaan word (bepaal hoofpunte) – kandidaat moet aanduiding gee van wat hy/sy deurgaans in die opstel gaan beredeneer (goue draadjie deur die hele opstel).

**Paragrawe:**
- Verskillende hoofargumente word hier beredeneer wat die onderwerp gaan ondersteun (elke paragraaf gaan in 'n hoofargument beredeneer word – ondersteun met verwysings/aanhalings uit roman; beredenering van kandidaat moet deurgaans sigbaar word).

**Bart**
- As hooffiguur is dit Bart se koppigheid en sy siening as die man wat besluite neem wat grotendeels sy en Fransina se lot bepaal.
- Die gevolge vir hom en sy gesin en sy toekoms wat uit hierdie onwrikbaarheid voortspruit kan hom egter kniehalter en selfs breek. Deurgaans bly die twyfel by elke terugslag of Bart staande gaan bly en 'n groter mens hieruit na vore gaan kom.
- Bart glo aan sy beginsels – staan daarby, al beteken dit dat hy persoonlike verliese kan lei. Vir hom is die saak en beginsel groter.
- Hy voel dit is sy plig om 'n voorbeeld te stel en die rebelle te lei in 'n opstand wat hy gaandeweg weet, gaan misluk.
- Versaak sy gesin ter wille van 'n onmoontlike ideaal.
- Sy trots kom eerste, sy persoon, die ek, Bart Nel – glo dat hy alleen kan staan.
- En dit is waar – deur al die lyding en eensaamheid verloor hy nie hierdie eienskap nie, al verloor hy "alles" behalwe sy "siel in hom".
- In die tronk – "Ek loop met my eie oë by die lig wat ek het".
- Hy moes egter uiteindelik besef dat sy eie "lig" beperk is – en daarby aanpas.
- Sy verlies aan sy gesin, trots, vryheid verwerk hy omdat hy telkens vorentoe mik en 'n doener is – hierdeur slaag hy daarin om die leemtes in sy lewe te vul en vorentoe te beweeg, na daardie "ver ruim lig; en sy siel in hom".
- In die tronk word dit duidelik dat huislike geluk tog vir hom belangriker is as wat hy voorgee en ook dat hy besonder gevoelig is. Sy reaksie op Fransina se brief, sy smart wat hy alleen dra.
- Hy word meer bewus van sy familie/gesin, plaas en toekoms as vroeër. Dit is asof die oorlogservaring hom groter insig in homself gegee het.
- Die verdieping is baie belangrik – waar hy voorheen ingestel was op gesin en 'n suksesvolle boerdery en dan die oorhaastige besluit om te rebelleer, het hy meer peinsend, nadenkend deur die verlede en die hede 'n moontlike toekoms begin sien.
- Hy hou by sy beginsels – neem nie vir Fransina terug nie al is hy nog lief vir haar – "dubbele hoereerdery".
- Hy hou Annekie nie by hom nie – besef dit is belangrik vir haar toekoms om weg te gaan (al wil sy nie).
- Uiteindelik sien ons tog 'n meer selfstandige Bart – seker meer alleen en eensaam as ooit, maar met meer insig in homself en die lewe en bereid om die toekoms alleen aan te pak.

IEB Copyright © 2016

**Ferdinand**

- Ferdinand Basson, wat van jongs af verlief was op Fransina, word bewus van haar fisiese probleme, geld en boerdery in Bart se afwesigheid en meen dat hy dalk tog weer kan probeer om haar as vrou te kry.
- Hy slaag daarin, koop ook die plaas en meen dat hy nou 'n voller lewe verkry het. Hy beskou nie sy aksies as "rugstekery" nie aangesien hy vir die Nels uit 'n verknorsing red.
- Hy vind egter gou uit dat 'n mens nie liefde kan koop nie en steeds bly hy onvervuld. Hy weet Fransina is nie lief vir hom nie.
- Hy is die "stilsitter" tydens die rebellie – hy erken dit ("Ek is geen vegsman nie").
- Hy is 'n besigheidsman en sal deur 'n "transaksie" vir Fransina as vrou kry en aanvaar gelate, dog ongelukkig, dat Fransina nog vir Bart lief is. Hy besef egter dat hy die beste van die saak moet maak.
- Hy sal enigiets vir Fransina doen (selfs meer vir die grond betaal as wat dit werd is).
- Hy het die leiding geneem in die skep van die driehoekverhouding en uiteindelik is die situasie onomkeerbaar. Sy "straf" is 'n vrou wat nie vir hom lief is nie, maar tog gelate en dankbaar (Fransina is deel hiervan).
- Hy besef en aanvaar egter dat hy nie die nommer een in Fransina se lewe is nie, is hartseer daaroor, maar moet die beste van die saak maak.
- Hy word eerder slagoffer as oorwinnaar: sy liefde vir Fransina word met simpatie beantwoord eerder as wederliefde.

**Vergelyking tussen die twee manne (Leerder se eie insig)**

- Vergelyk Bart en Ferdinand se motiewe en foute.
- Maak op die ou einde 'n keuse – Ferdinand met Fransina en familie in sy lewe, maar ongelukkig en voel tweede beste; of Bart alleen maar met insig in homself en met 'n toekomsblik wat belofte inhou – as "heel karakter" uit die stryd tree.
- Bart begin van voor af; maar doen dit eerlik en met nuwe insig in homself.
- Ferdinand besit genoeg materiële welvaart, en met die vrou wat hy nog altyd bemin het, maar nie vir hom lief is nie. Sy waardeer hom egter vir die mens wat hy is.

**Slot:**

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Wys uit wie van Bart of Ferdinand as heel mens uit die situasie getree het.
- Op grond van hoofargumentbespreking kom tot finale gevolgtrekking oor dit wat kandidaat beredeneer het in die vraag.

**SKRYF WOORDTAL ONDERAAN DIE FINALE OPSTEL.**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

DRIE opdragte.
**Vraag 7** is **VERPLIGTEND**. Doen dan **óf Vraag 8 óf Vraag 9**.

Elke skryfstuk **ongeveer 250 woorde**.
Gepaste **register en taal**.
Die **formaat, teikenleser en toon** moet by skryfstuk pas.
'n **Nasienrubriek** vir die assessering van skryfwerk.

## VRAAG 7 ARTIKEL (VERPLIGTE VRAAG)

As Hoërskool Pendoring se ATKV-skryfwenner word jy gevra om 'n **artikel** vir ***Taalgenoot*** te skryf oor die sukses van die IEB se 2015-uitslae.

Jy word voorsien van die **belangrikste statistiek wat in jou artikel gebruik móét word** en 'n aanhaling van 'n trotse me Anne Oberholzer (jy kan haar ook by die IEB-kantore kontak vir meer besonderhede). Name en kontakbesonderhede van twee uitblinkers in hierdie eksamen word aan jou beskikbaar gestel vir 'n onderhoud. Die skoolhoof van 'n uitblinker IEB-skool se kontakbesonderhede word ook gegee. Die "inligting" (fiktief) wat jy by die twee leerders en die hoof tydens onderhoude gekry het, moet geloofwaardig wees en so in jou artikel weergegee word.

Maak seker dat die toon en styl pas by die tydskrif wat die artikel gaan publiseer.

Skryf nou jou artikel (ongeveer 250 woorde) oor spoguitslae van die IEB in die Nasionale Sertifikaat Eindeksamen van 2015.

**Tydskrifartikel**

Bestudeer verskeie artikels in tydskrifte. Beweeg weg van die gewone tydskrifte en bestudeer artikels in spesialistydskrifte soos **Weg** en **Insig**. Kyk na die KENMERKE VAN 'N ARTIKEL. Daar is 'n duidelike verskil tussen 'n artikel en 'n berig. Moenie in hierdie slaggat trap nie.

**ONTHOU die volgende i.v.m. 'n suksesvolle artikel:**

- Bevat 'n treffende titel in vetgedrukte letters.
- Bestaan uit paragrawe of 'n onderhoud met vrae en antwoorde.
- Die inleidingsparagraaf is interessant en prikkel die leser se nuuskierigheid.
- Bevat genoeg interessante inligting oor die persoon na wie verwys word.
- Laat die leser voel of hy/sy persoonlik die persoon oor wie geskryf word, ontmoet het.
- Bevat dikwels visuele materiaal om die inhoud te ondersteun, byvoorbeeld 'n foto/ foto's met onderskrifte.
- Alle sinne in die artikel is volsinne.
- Die sinne in die artikel is verskillende lengtes.
- Die betekenis van elke sin in die artikel is duidelik.
- Keurige taalgebruik.
- Sluit by die teikengehoor se smaak aan.
- Bevat 'n treffende slot.
- Daar is min taal- en spelfoute.
- Die artikel is netjies en interessant aangebied (skrif/letters/ontwerp/uitleg).

**EN**

## DOEN NOU VRAAG 8 OF VRAAG 9

## VRAAG 8 BRIEF AAN DIE PERS

Skryf **'n antwoord op die brief aan die koerant** om jou siening van die onderwyskwessies waarop die briefskrywer en die spotprenttekenaar reageer, te gee. Jy is besig om jou matriekeksamen te skryf. Neem die invloed wat die onderwysers (van die afgelope vyf jaar) op jou lewe gehad het in ag, ten einde 'n deurdagte antwoord te gee.

Maak seker dat jou formaat korrek is; jou toon en styl moet getuig van goeie taalgebruik en 'n ingeligte mening.

**Briefskrywer se adres**

Jansenlaan 33
Menlopark
Pretoria
0081
25 Augustus 2008

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Die Redakteur
Beeld
Posbus 10
Johannesburg
2008

**Aan wie word die brief gerig?**

**Organisasie se naam en adres**

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Geagte Heer/Dame

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

**Inhoudsopgawe/ onderwerpsin**

MOORDE ONDER DIE JEUG

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

**Skryf n.a.v. 'n brief/ berig/artikel**

**Die brief "Swaarmoord in Rustenburgse skool" (22 Augustus in Beeld) het betrekking.**

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Wat 'n skok om hierdie berig te lees! Ek vra myself af wat is aan die gebeur met ons jeug? Wie is die oorsaak?

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Dalk moet ons as ouers en volwassenes in die land begin bestek-opname doen oor die voorbeeld wat ons aan die jeug stel.

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Kom laat ons hande vat en weer 'n nasie vir Christus word.
Kom ons help ons jeug!

xxxxxxxxxxxxxxxx

**Afsluiting (sonder punt)**

Die uwe
P du Preez
P du Preez (Ouer-om-te-help)

**Voorletter en van**

**Skuilnaam (as nie naam in koerant wil hê nie)**

**OF**

## VRAAG 9 BEWOORDING VAN 'N ARGUMENT

Jy en jou vriend – wat nie 'n goeie skoolganger vir die afgelope vyf jaar was nie – argumenteer in die klas oor die onderwyskwessie nadat die brief aan die pers en die spotprent ter sprake gekom het. Julle onderwyser het op julle afgekom en vir julle straf moet julle elkeen jul **argumente bewoord en skriftelik** aan hom deurgee.

Jy kan besluit watter kant van die argument jy gaan inneem.

Maak seker dat jou toon en styl van goeie beredenerende taalgebruik getuig.

**[20]**

## VERWOORDING VAN 'N REDENASIE OF ARGUMENT

- Die doel met die tipe skryfwerk is om iemand te oorreed om 'n sekere standpunt te huldig.
- Die argumente berus op die emosionele of op ongegronde veralgemening (die skrywer wil doelbewus die gevoel in plaas van die logika van die leser aanspreek).
- Kundiges, nie noodwendig op die tersaaklike gebied nie, se menings word aangehaal.
- Statistiese gegewens word verkeerdelik/uit verband gebruik.
- Emosiebelaaide woorde wat die voorkeure of die afkeure van die leser uitbuit, word ingespan.
- Afleidings word gemaak aan die hand van vooroordele, voorkeure/afkeure, menings, behoeftes, aannames van die teikengroep of die skrywer.
- Dit is dus 'n toespraak in die kleine, wat jy met 'n enkele individu of klein groepie mense voer.
- Die persoon of persone gaan nou met teenargumente kom en 'n mens moet jou feite ook daarop grond en direk daarop reageer.

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016

## D.15 – Rubriek vir die assessering van 'n literêre opstel – Prosa (30 punte)

| KODES EN PUNTETOEKENNING | | INHOUD (20)<br>Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente.<br>Kennis en begrip van die voorgeskrewe werk. | | STRUKTUUR EN TAAL (10)<br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel. |
|---|---|---|---|---|
| Kode 8<br><br>A+: 100–90% | Uitmuntend<br><br>20–18 punte | Indiepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle bespreek. **Inleiding** verwys na teks, vraag en doelstelling op uitmuntende wyse.<br>**Slot** vat inhoud en opdrag en uitgangspunt saam op uiters vaardige wyse.<br>Uitmuntende respons (90+) op opdrag met eie stem en **goue draadjie wat** bind van inleiding tot slot. Oortuigende argumente ondersteun deur **aanhalings/verwysings uit teks** wat deelgemaak word van opstel.<br>Uitstekende **kennis en begrip van teks en genre**. Eie siening. ++++ | Uitmuntend<br><br>10 punte | Uiters knap gestruktureerde opstel. **Samehang** puik.<br>Uitstekende en gepaste **inleiding en slot wat stylvereistes perfek ondervang**.<br>**Aanhalings en bewyse uit teks puik geïntegreer.**<br>Taal, toon en styl slim en treffend aangewend. Register baie knap hanteer. **Woordkeuse sprankelend en gesofistikeerd.**<br>Lengte volgens vereistes. |
| Kode 7<br><br>A: 89–80% | Puik<br><br>17–16 punte | Knap interpretasie van onderwerp. Bykans alle aspekte van die onderwerp is volledig bespreek. Inleiding soos hierbo en slot eindig op ryk en vaardige manier. Die leerder is duidelik in beheer van haar standpunt. Goeie respons op opdrag. Voldoende detail.<br>Slim argumente, uitgebreid, ondersteun uit die teks met aanhalings/verwysings.<br>Uitstekende kennis en begrip van teks en genre. Eie siening. +++<br>Leerder duidelik gemaklik met vraag en respons. | Puik<br><br>9–8 punte | Samehangende en goed-gestruktureerde opstel.<br>Goeie en gepaste inleiding en slot wat stylvereistes goed ondervang.<br>Aanhalings/bewyse uit teks is sinvol geïntegreer.<br>Taal, toon en styl is gevorderd en korrek.<br>Register knap hanteer (woordkeuse en konteks).<br>Lengte volgens vereistes. |
| Kode 6<br><br>B: 79–70% | Verdienstelik<br><br>15–14 punte | Goeie interpretasie van onderwerp. Bykans alle aspekte van die onderwerp is op geskikte en gepaste wyse bespreek. Inleiding kom effens kort aan doelstelling en uitgangspunt. Slot eindig effens stomp sonder behoorlike afronding van onderwerp.<br>Gedetailleerde respons. Goeie argumente is aangevoer en goed ondersteun uit teks.<br>Goeie kennis en begrip van teks en genre. Eie siening merkbaar. ++ | Verdienstelik<br><br>7 punte | Opstel is goed gestruktureerd. Goeie poging tot samehang.<br>Inleiding en slot dui standpunt en slotvereistes redelik goed aan.<br>Aanhalings/bewyse is goed gebruik.<br>Taal, toon en styl gepas vir die doel.<br>Goeie aanbieding, register korrek. Lengte bevredigend |
| Kode 5<br><br>C: 69–60% | Beduidend<br><br>13–12 punte | Toon begrip en het onderwerp redelik goed geïnterpreteer. Meeste van die aspekte van onderwerp is bespreek. Inleiding omvat nie die vraag- en opdraginligting op voldoende wyse om te lei tot goeie opstel nie. Slot nie goed afgerond en terugverwysend nie.<br>Taamlik gedetailleerde respons. Sommige argumente is gegee, maar nie almal goed gemotiveer uit teks nie. Kennis en begrip van teks en genre effens teleurstellend. Eie siening kom effens kort. + Neig tot storievertelling. | Beduidend<br><br>6 punte | Struktuur is redelik duidelik. Inleiding en slot aanwesig, maar nie volledig genoeg nie. Aanhalings/bewyse soms lukraak aangelas.<br>Samehang toon leemtes. Taal, toon, styl toon foute, maar vloei is redelik. Aanbieding bevredigend.<br>Register redelik gepas.<br>Lengte kan pla. |
| Kode 4<br><br>D: 59–50% | Voldoende<br><br>11–10 punte | Interpretasie van onderwerp redelik. Nie alle aspekte van onderwerp is genoegsaam bespreek nie. Inhoud oppervlakkig en standpunt in inleiding lei nie tot 'n respons wat gaan bevredig nie. Slot bloot net 'n stelling wat nie terugverwys nie. Detail ontbreek.<br>Bewyse vir argumente kom soms kort. Basiese kennis en begrip van teks en genre. Min sprake van eie siening. Meestal geykte idees. Meestal storievertelling. | Voldoende<br><br>5 punte | Min bewys van gepaste struktuur en samehang.<br>Inleiding en slot aanwesig, maar nie funksioneel nie.<br>Aanhalings/bewyse nie akkuraat nie en swak gebruik. Foute in taal, toon en styl steurend.<br>Aanbieding redelik. Gepaste register soms gebruik.<br>Lengte kan pla. |
| Kode 3<br><br>E: 49–40% | Matig<br><br>9–8 punte | Baie gewone en gemiddelde poging tot interpretasie van onderwerp. Sommige aspekte van onderwerp ontbreek. Inleiding en slot niksseggend of afwesig. Min detail.<br>Argumente vaag, min verwysing na teks. Kennis en begrip van teks kom kort.<br>Geen tekens van eie siening nie. | Matig<br><br>4 punte | Gebrekkige struktuur en samehang. Inleiding of slot is afwesig of van geen belang nie. Min aanhalings of bewyse, herhaling van idees. Taal foutief, toon en styl nie gepas nie. Register swak aangewend. Lengte onvanpas. |
| Kode 2<br><br>F: 39–30% | Basies<br><br>7–6 punte | Houvas op die onderwerp is swak. Inleiding en/of slot maak geen indruk op uitkoms van opstel nie. Reageer herhalend en soms van die punt af. Verkeerde interpretasie. Poging tot argumentering, nie verantwoord uit teks nie. Min tekens van akkurate kennis en begrip van teks; gebrekkig. | Basies<br><br>3 punte | Swak aanbieding en struktuur uiters gebrekkig. Inleiding en slot afwesig of heeltemal foutief.<br>Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol, moeilik om te lees. Lengte kry min aandag. |
| Kode 1<br><br>G–H: 29–0% | Ontoereikend<br><br>5–0 punte | Respons is soms relevant tot onderwerp, maar argumente is ontoepaslik en moeilik om te volg. Swak antwoord. Min toepaslike verwysings. Kennis en begrip werklik gebrekkig. Teks duidelik nie ingestudeer nie. | Ontoereikend<br><br>2–0 punte | Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek word.<br>Geen tekens van logiese benadering nie. Swak taalgebruik, styl en toon foutief. Lengte is deel van swak respons. |

IEB Copyright © 2016

## D.16 – Rubriek vir betogende opstel – Drama: mini-essay

| **KODES EN PUNTETOEKENNING** | | **INHOUD (20)**<br>**Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente.**<br>**Kennis en begrip van die voorgeskrewe werk.** | | **STRUKTUUR EN TAAL (10)**<br>**Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.** |
|---|---|---|---|---|
| Kode 7<br><br>A+: 100–90%<br>A: 89–80% | Uitmuntend<br><br>20–18 punte<br>17–16 punte | Gesofistikeerde bewys van eie siening - persoonlike mening oortuigend gestel en gemotiveer. Inleiding omvat inleidende inligting en standpunt uitstekend. Slot verwys terug en sluit opstel dus op vaardige wyse af. Interpretasie uitstekend. Uitmuntende kennis en begrip van teks. Gepaste aanhalings en situasies uitstekend gekies en akkuraat ingeweef. Alle aspekte van opdrag uitstekend uitgevoer.<br>Verskil tussen A+ en A lê by kreatiwiteit van respons.<br>Ook A+ duidelike goue draad tussen inleiding en slot. | Uitmuntend<br><br>10–8 punte | Inleiding stel standpunt duidelik. Styl reeds betogend. Slot uitmuntende opsomming. Struktuur en samehang buitengewoon goed. Baie sterk betogende styl. Register en woordeskat puik. Taalfunksies en lengte korrek. Lengte binne vereiste perke. (Uitstekende opstel kan egter te lank wees. Gebruik oordeel by bepunting.) A+ foutloos. Sprankelende en gesofistikeerde taal en woordkeuses. |
| Kode 6<br><br>B: 79–70% | Verdienstelik<br><br>15–14 punte | Bewys van eie siening – persoonlike mening duidelik gestel en gemotiveer. Inleiding mis enkele betogende/rigtinggewende opmerkings. Slot goed, maar nie oortuigend en sterk nie. Goeie interpretasie van onderwerp. Deeglike kennis en begrip van teks. Gepaste aanhalings en situasies goed gekies en ingeweef.<br>Alle aspekte van onderwerp goed uitgevoer. | Verdienstelik<br><br>7 punte | Inleiding stel standpunt duidelik in betogende styl met slot gepaste afsluiting van betoog.<br>Struktuur en samehang sinvol. Sterk betogende styl.<br>Register, woordeskat baie goed. Taalfunksies en lengte korrek binne vereistes. |
| Kode 5<br><br>C: 69–60% | Beduidend<br><br>13–12 punte | Eie siening opmerklik – kan persoonlike mening stel en motiveer. Inleiding kom kort aan rigtinggewende opmerkings volgens opdrag en slot verwys nie genoegsaam terug met sterk afronding nie. Ken en verstaan teks redelik en kan interpreteer. Aanhalings en situasies gebruik, maar soms losstaande en effe onakkuraat. Heelwat aspekte van opdrag goed uitgevoer. | Beduidend<br><br>6 punte | Inleiding en slot redelik goed verwoord. Betogende styl ontbreek ietwat. Struktuur en samehang bevredigend. Betogende styl op gangbare wyse volgehou. Register en woordgebruik redelik gepas. Taalfunksies meestal korrek. Lengte kan pla, te kort of onnodig te lank. |
| Kode 4<br><br>D: 59–50% | Voldoende<br><br>11–10 punte | Redelike bewys van eie siening - persoonlike mening wel merkbaar. Inleiding maak nie standpunt duidelik nie en verwys min na opdrag. Slot eindig bloot sonder werklike terugverwysing na fokus van opstel. Motivering redelik.<br>Interpretasie gewoon. Kennis en begrip van teks toon leemtes.<br>Keuse van bewyse uit teks lukraak en losstaande.<br>Aspekte van opdrag aanvaarbaar uitgevoer. | Voldoende<br><br>5 punte | Inleiding en slot toon poging tot standpunt inname en opsomming, maar betogende styl nie bewustelik aanwesig nie. Neig tot vertelling. Samehang nie goed bewerkstellig nie. Register en woordgebruik soms onakkuraat. Taalfoute raak opmerklik. Lengte pla. Te kort of ver oor woordtal; lei tot niksseggende of herhalende stellings. |
| Kode 3<br><br>E: 49–40% | Matig<br><br>9–8 punte | Min sprake van eie siening. Weergawe nie onderwerpgerig. Slegs oorvertel van inhoud. Motivering van min waarde. Inleiding nie funksioneel as rigtingwyser nie. Slot bloot aanwesig sonder gepaste terugverwysing. Interpretasie baie gemiddeld. Kennis en begrip van teks kom kort. Sukkel om gepaste bewyse uit teks te gebruik. Sommige aspekte van opdrag uitgevoer. | Matig<br><br>4 punte | Inleiding en slot voldoen nie aan vereistes nie.<br>Styl: vertelling oorheers. Struktuur los en samehang ontbreek.<br>Register en woordgebruik soms onakkuraat en hinderlik.<br>Taalfoute raak steurend. Lengte pla.<br>Nie volgens vereistes nie. |
| Kode 2<br><br>F: 39–30% | Basies<br><br>7–6 punte | Eie siening nie merkbaar nie. Motivering feitlik afwesig. Inleiding en slot nie van toepassing wat inhoud betref nie. Begrip en kennis van teks gebrekkig. Bewyse uit teks feitlik afwesig. Min aspekte van opdrag aangeraak. Bedoeling van opstel moeilik om te lees. Voorbereiding blyk onvoldoende te wees.<br>Vertelling onakkuraat. Inhoud en betoog slaag nie | Basies<br><br>3 punte | Inleiding en/of slot afwesig.<br>Selfs vertelling ongestruktureerd en verwarrend.<br>Register byna afwesig.<br>Woordkeuse dikwels foutief. Heelwat steurende taalfoute.<br>Lengte onvanpas. |
| Kode 1<br><br>G–H: 29–0% | Ontoereikend<br><br>5–0 punte | Geen tekens van eie denke nie. Inleiding en/of slot van geen waarde nie of afwesig.<br>Respons betrek skaars onderwerp en opdrag. Moeilik om opstel te verstaan.<br>Foutiewe en onvolledige kennis van teks. Bewyse uit teks afwesig.<br>Onvoldoende voorbereiding. | Ontoereikend<br><br>2–0 punte | Inleiding en slot afwesig of nutteloos. Styl, slegs aaneenlopende teks, moeilik om te verstaan. Baie taal- en spelfoute.<br>Woordkeuse pas nie onderwerp of genre nie.<br>Lengte problematies. |

IEB Copyright © 2016 

## D.17 – Transaksionele skryfwerk

**Transaksionele skryfwerk**
Lengte: 250 woorde (**Let asb. op dat lengtevereiste deurgaans geld as deel van formaat en styl**.)
**Indien lengte nie die vereistes nakom nie, moet 'n kategorie-verskuiwing gemaak word.**
**TOTAAL: 20 PUNTE**

| Vlak en punt | Inhoud en doel | | Styl, taal, formaat |
|---|---|---|---|
| **Vlak 7 Uitmuntend 10–8** | Inhoud uitstekend en volledig volgens opdrag. Doel en teikenleser voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees. | **10–8** | Hoogsgesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gepas volgens opdrag. Formaat absoluut korrek. |
| **Vlak 6 Baie goed 7,5–7** | Inhoud gepas volgens opdrag. Relevant. Goeie detail. Doel en teikenleser nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort. | **7,5–7** | Taalkonvensies goed gebruik. Register en woordeskat baie goed hoewel enkele swakhede voorkom. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Formaat hoofsaaklik korrek. |
| **Vlak 5 Goed 6,5–6** | Inhoud bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste doel en inagneming van teikenleser. Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons. | **6,5–6** | Taalkonvensies, register en woordeskat genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. Taal en sinsbou toon soms foute. Formaat meestal korrek. Styl toon begrip vir opdrag. |
| **Vlak 4 Voldoende 5,5–5** | Kandidaat toon begrip vir opdrag en probeer doel en teikenleser in ag neem. Poging nie heeltemal geslaag nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid. | **5,5–5** | Register en woordeskat gewoon en algemeen. Taal en sinsbou toon lastige foute. Formaat toon steurende leemtes. Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie. |
| **Vlak 3 Redelik 4,5–4** | Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste teikenleser. Inhoud eenvoudig en verbeeldingloos. Pedanties. | **4,5–4** | Formaat meestal onvanpas. Register en woordeskat pas nie die opdrag nie. Styl en toon dikwels foutief. Taal-, spel-, sinsbou swak. |
| **Vlak 2 Elementêr 3,5–3** | Opdrag nie korrek uitgevoer nie. Teikengroep geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van vereistes. Inhoud kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. | **3,5–3** | Formaat toon baie foute. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Selfs lengte is foutief. Styl en toon onvanpas. |
| **Vlak 1 Ontoereikend 2,5–0** | Min tekens van begrip van opdrag. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie. | **2,5** | Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal-, register-, en/of formaat-konvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie. |

IEB Copyright © 2016